

Verslag van die Teokrasie-komitee aan die Volksvergadering van die Geloftvolk (Augustus) 10 Oktober 2010

1. Agtergrond

1.1 Geskiedenis:

Die geskiedenis van die Geloftvolk¹ in Suid-Afrika word gekenmerk deur twee hoof-faktore. Die eerste is die sigbare en besondere werking van ons hemelse Vader.² Die tweede is die voortdurende stryd om vryheid en oorlewing.

Die godsdienstvervolging van die Roomse Katolieke Kerk in die 17e eeu het meegebring dat protestantse vlugtelingen in die Nederlande gaan skuiling soek het. Veral baie Duitsers en ook heelwat Franse Hugenote. Die Nederlande het pas die juk van die Roomse oorheersing van Spanje afgewerp met die einde van die tagtigjarige oorlog. Omdat Spanje se koning suur was hieroor het hy die Nederlande toegang geweier tot die hawe van Lissabon waar die handel van die Oosterse ware plaasgevind het. Nederland het toe maar sy eie handel begin en daarom het hulle die verversingspos aan die Kaap gestig. Ondanks baie gevare en teenslae, het ons hemelse Vader die klein verversingspos op so 'n besondere wyse bewaar en versorg dat Jan van Riebeeck, twee jaar na hul aankoms genoep was om 'n onderneming te maak om Hom te verheerlik. In hierdie onderneming verbind hy die geslagte wat kom ook daartoe om ons Vader te verheerlik daarvoor. Daarom beskou ons dit as 'n gelofte.

¹ Ons is terdeë bewus van die beswaar teen die term 'Geloftvolk'. Daar is verskil van mening onder ons volksgenote. Die voorstanders van die naam 'Boerevolk' meen die Boere is 'n aparte volk van die Afrikaner en dat ons volk se identiteit nou lank genoeg misken is. Die voorstanders van die naam 'Afrikaner' meen ons skep verdeeldheid met daardie standpunt en dat die verdelingslyn bloot een van konserwatiewe- teenoor liberale lewensbeskouing is. Ons hoop en bid dat ons binnekort hieroor eensgesindheid kan kry. Die naam 'Geloftvolk' is egter nie 'n tussentydse kompromie nie. Dit is 'n poging om bymekaar te maak wie bymekaar hoort. Vir die doeleindes van hierdie studie, naamlik die staatsbestel waarmee ons ons Vader moet verheerlik, staan die volksgeloftes sentraal. Terwyl die debat oor die naam voortduur, moet ons solank ons volksgenote toerus met die Bybelse waarhede.

² Hy beskik oor alles, maar die wonder van sy beskikking in ons volksgeskiedenis is steeds treffend.

Ontevredenheid met die regering aan die Kaap het telkens daartoe gelei dat die burgers dieper die binneland ingetrek het. Telkens het ons Vader die land voor ons leeggemaak en die volke verdryf deur siekte, droogte en oorlog. Die belangrikste van hierdie trekke was die bekende Groot Trek. Ook hierdie Trek was 'n stryd om oorlewing. Uiteindelik was die Voortrekkers met hul rug teen die muur en het gaan skuiling soek by hul hemelse Vader. Hulle het die Gelofte van Bloedrivier afgelê. In hierdie Gelofte verbind die Voortrekkers hul nageslag weereens daartoe om die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee. Hierdie keer gaan hul nog verder en onderneem om 'n huis tot eer van sy Naam te stig.³ Hoewel baie

³ Sover ons kennis strek, is alle teoloë bewus daarvan dat ons hemelse Vader se heilige Verbondsnaam 'JHWH' is. In die 1933/53 Afrikaanse vertaling van die Ou Testament is daar twee vorme van die titel 'Here'. Waar net die 'H' 'n hoofletter is, is die oorspronklike Hebreeus 'Adonai', wat beteken 'Meester' of 'Besitter' of 'Heerser' (vandaar die titel 'Here'). Die tweede vorm is 'HERE', waar alles met hoofletters geskryf word. Daar lees die oorspronklike Hebreeus 'JHWH'. Dit is 'n Naam met 'n ryke betekenis. In Ex 3:13-15 word die Naam verduidelik as 'EK IS WAT EK IS'. Dit beteken dat Hy van ewigheid tot ewigheid bestaan, dat Hy die oorsprong, die begin en einde van alles is. Die Naam 'JHWH' word gedurig in die Ou Testament gebruik. Die uitspraak is 'JaHWeH' (sagte 'w'). Omdat God die ydelike gebruik van sy Naam baie uitdruklik verbied, het die Judeërs egter, toe hulle teruggekeer het uit die ballingskap, die gebruik begin om nie die Naam uit te spreek nie, en telkens as die Naam 'JHWH' in die Bybel staan, lees hulle 'Adonai', wat beteken 'my Heer'. Hierdie gebruik is later nagevolg deur vertalers. Die Nederlandse Statenbijbel het dan ook 'JHWH' vertaal met 'HEERE'. Hulle het wel 'n voetnota bygesit dat daar in die oorspronklike teks 'JHWH' staan. In die Afrikaanse vertaling is hierdie voetnota ongelukkig weggelaat (die *Bybel met verklarende aantekeninge* het dit darem wel in).

Nou is dit so dat die Bybel op baie plekke groot klem lê daarop dat ons ons hemelse Vader se Naam moet ken. Vgl bv

- Ps 91:14 *Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.*
- Isa 42:8 *Ek is JHWH (die HERE), dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.*
- Joh 17:26 *En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.*
- En hoor net hierdie harde woorde in Jer 23:26-27: *Hoe lank nog? Is dit in die hart van die profete wat leuens profeteer en profete is van die bedrieëry van hulle hart— is hulle daarop bedag om my volk my Naam te laat vergeet deur hulle drome wat hulle die een aan die ander vertel, soos hulle vaders my Naam vergeet het deur Baäl?*
- Nog tekste wat die belangrikheid van sy Naam beklemtoon, is: Ps 30:5; 97:12; 102:13; Jes 26:8; 54:5; Hos 12:6. Dit is 'n deurlopende tema van die Bybel.

In Navolging van die opdrag van ons Hemelse Vader en van sy Seun, ons Verlosser, maak ons dus ook sy Naam bekend aan die Geloftevolk. Ons respekteer egter steeds die gebruik van die titel 'Here' en waar ons uit die Bybel aanhaal, sal ons in hierdie verslag bly by die vorm waarin dit staan, omdat ons besef die Naam is nog vreemd vir baie van ons volksgenote.

van ons gedink het hierdie belofte is volledig nagekom met die jaarlikse herdenking en die oprigting van die Voortrekkerkerkie en later die Voortrekkermonument, is die wese van die Geloofte meer as dit. Dit is naamlik die oprigting van 'n volkshuishouding tot eer van sy Naam.

Die Boererepublieke het 'n moedige poging aangewend om so 'n Godvresende volkshuishouding te stig. Die herdenking van die Geloofte van Bloedrivier is egter verwaarloos en die regerings van die Boererepublieke was ook maar beïnvloed deur die humanisme. Hulle vryheid is dan ook voortdurend bedreig deur die Imperiale Britse Ryk. Weereens wend hulle hul tot hul God en hulle herbevestig die Geloofte van Bloedrivier by Paardekraal. Hulle word beloon met 'n wonderbaarlike oorwinning en vryheid. Die eer word internasionaal egter aan die Boere en hul generaals gegee. 'n Paar jaar later bevind hulle hulself in die tragiese Tweede Vryheidsoorlog. Hoewel hulle uiteindelik die oorlog verloor, verwerf die Boere en hulle generaals nog verdere internasionale roem en eer vir hul krygskuns en dapperheid. Ons is so vasgevang in die eersug, dat sommige van ons tot vandag toe nog daarop roem.

Ons ontvang nog 'n kans met die wonderwerk van 1948 toe die Nasionale Party die oorwinning by die stembus kry. Die hoogtepunt word bereik met die bewind van Verwoerd. Toe ons uit die Britse Statebond geskop is, moes die jong republiek op sy eie probeer staan. Die internasionale media het voorspel ons gaan binne drie jaar in duie stort. Verwoerd en die volk vertrou egter op hul God en die Republiek gaan van krag tot krag. Satan en al ons vyande isoleer ons met sanksies en boikotte. Nogtans beleef ons ongekende voorspoed en binne ses jaar het ons die tweedehoogste ekonomiese groeikoers in die wêreld. Ons kom tot die gevolgtrekking dat ons volk die beste volk in die wêreld is – in elke aspek van die lewe. Ons vergeet van die beloftes van seën in Deut 28 wat reeds in vers 1 sê: *As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.* Nog erger, ons vergeet van die vloeke in vers 15 en verder wat sê: *Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.* En vers 43: *Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak.*

Baie van ons mense het ook nog in ondankbaarheid die seëninge verag en onder die invloed van die liberalisme dit as onregverdig beskou dat ons Vader ons bo die ander nasies seën. Baie het ook die vermaning in Josua 23 vergeet, nl *Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele, om die HERE julle God lief te hê; want as julle ooit mag afwyk en hierdie nasies aanhang wat nog met julle saam oorgebly het, en julle met hulle verswaer en julle met hulle en hulle met julle meng, weet dan verseker dat die HERE julle God nie langer hierdie nasies voor*

julle uit sal verdrywe nie; maar hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n strik wees en 'n angel in julle sye en dorings in julle oë, totdat julle omkom uit hierdie goeie land wat die HERE julle God aan julle gegee het. Verder het hulle ook vergeet God verbied sy volk in Deut 17:15 om 'n vreemde oor hulle te laat heers.

Uiteindelik het Hy ons dan ook nou in hierdie beskamende posisie geplaas dat ons verneder is voor die nasies om ons. Sedert 1994 is ons vreemdelinge in die land wat ons Vader aan ons gegee het. Een na die ander sien ons die vloeke van Deut 28 voor ons oë in vervulling gaan. Ons volk staar vernietiging in die gesig.

In September 2009 kom 'n volksvergadering bymekaar. Ons besef daar is net een uitweg. Ons moet ons weer verootmoedig voor ons God. Ons sal moet terugkeer na die geloftes wat ons aan Hom verbind het. Ons besef dat die Gelofte beteken dat ons 'n Volkshuishouding tot ons Vader se eer moet oprig. Die vergadering besluit dat 'n Teokratiese staatsbestel nodig is om hieraan te voldoen. Die vergadering het toe 'n komitee aangewys om die uitvoerbaarheid daarvan te ondersoek.

Hierdie verslag is dan nou die terugvoer wat ons gee aan die volksvergadering.

1.2 Werking van die komitee

Die komitee het navorsing gedoen oor die Bybelse voorskrifte vir 'n Teokrasie. Ons het ook Teokrasieë, sowel as Godvresende- en ander godsdienstige politieke stelsels van die verlede bestudeer. Verder het ons die teorieë oor Teokrasie, Teonomie en Christokrasie bestudeer. Ons het twee werksvergaderings gehou waartydens ons die bevindings bespreek het. Verder het ons deurlopend per e-pos vergader.

2. Bevindings

2.1 Vertrekpunt

As vertrekpunt vir die instelling van 'n Teokratiese bestel ag ons dit nodig om die volgende duidelik te stel:

- 2.1.1 Ons Koning is Jesus Christus, in Hebreeus: JaHoshua⁴ Mashiag⁵. Hy is ons Losser en Verlosser en Hy is die enigste weg tot saligheid. Slegs deur genade ontvang ons die geloof in Hom.
- 2.1.2 Ons verwysingsraamwerk is die hele Bybel, en wel die 1933/53-Afrikaanse vertaling. Die brontekste van hierdie Bybel (Die Masoretiese teks en die Textus Receptus) is onaantasbaar en is die gesag daarvoor.
- 2.1.3 Ons volk se vryheid sal sinneloos wees as dit nie primêr gaan oor die verering van ons hemelse Vader nie.
- 2.1.4 Die doel van 'n Teokratiese bestel is dan ook om bo alles die Enige, waaragtige en almagtige God van die Bybel dien en sy Naam te verheerlik;
- 2.1.5 Ons wil ook 'n misverstand regstel: Daar bestaan 'n persepsie dat sommige van ons komiteedele glo dat biologiese afstamming van Israel ons redding verseker. Dit is nie so nie. Ons glo almal dat ons Redder en Losser Jesus Christus, oftewel Jahshua Mashiag is. Slegs deur Hom is daar redding.

⁴ Die Naam ' JaHoshua' beteken 'JHWH is redder'. Omdat die Judeërs in die tyd van die geboorte van ons Verlosser Aramees (naby verwant aan Hebreeus) gepraat het, is dit waarskynlik dat sy Naam naby aan hierdie vorm was:

JHoshua/JaHoshua/JaHshua/Jeshua/Joshua/JeHoshua'. Ons is nie presies seker nie. Die Hebreeuse taal het 'n manier om name soms te wysig. Omdat die wêreldtaal in daardie tyd egter Grieks was, het ons die Nuwe Testament in Grieks ontvang. Ons Verlosser se Naam word daarin aangegee as 'Iêsous'. Dit is 'n verwerking van die Hebreeuse Naam en die betekenis lê in die Hebreeus soos hierbo uiteengesit.

⁵ Mashiag' beteken 'Gesalfde'. Sommige volksgenote spel dit 'Mashiach'. Die laaste klank is egter 'n sterk 'g'-klank. Ander meen weer dat dit 'Mashiah' is, maar ons navorsing het uitgewys dat dit nie 'n verwerking is van JHWH nie. Die Griekse Nuwe Testament gebruik die term "Christos". Dit is 'n vertaling van 'Mashiag' en beteken ook 'Gesalfde'. Die Naam in ons Afrikaanse vertaling is dan ook van die Grieks afgelei, nl 'Jesus Christus'.

Omdat sommige van ons volksgenote verkies om die Naam 'Jesus Christus' te gebruik en ander die Naam 'JaHoshua Mashiag', gebruik ons telkens in die verslag albei vorme. Soms verwys ons slegs na die 'Messias', 'n titel waarmee ons meen almal gemaklik is. Ons wil ook nie voorskriftelik wees daarvoor nie en volksgenote moet vrymoedigheid neem om die Naam te gebruik waarmee hulle gemaklik is.

2.2 Ons verpligting:

- 2.2.1 Hy het ons uitverkies as sy kinders, daarom moet ons Hom uit dankbaarheid dien (Deut 28; Kol 3:16);
- 2.2.2 Gehoorsaamheid is wat Hy van ons eis (ISam15:22; Rom 6:16);
- 2.2.3 Hy beveel ons om sy gebooie uit liefde te onderhou (Deut 10:12; 11:13; IJoh 2:4,5);
- 2.2.4 As Geloftevolk het ons 'n dure plig om ons Geloftes aan Hom na te kom; en
- 2.2.5 Daarom het ons ook 'n roeping as Godsvolk⁶ om na te kom.

2.3 Die Wet

Ons Vader, JHWH eis gehoorsaamheid aan sy gebooie, sy wette, sy insettinge en verordeninge. Dit is 'n deurlopende opdrag in die Bybel.

- Hiervan is die hele hoofstuk van Deut 28 'n goeie voorbeeld. Hy begin dit deur te sê: *As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seënninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.*
- En let op Sy belofte in Deut 11:8-9 *Onderhou dan al die gebooie wat ek jou vandag beveel, dat julle sterk kan wees en inkom en die land in besit neem waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, en dat julle die dae kan verleng in die land wat die HERE aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle en hul nageslag te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.*
- Dawid beklemtoon dit telkens in die Psalms. Die hele Ps 119 is hieraan gewy. Hy begin die psalm met: *Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die HERE wandel.* Hy sê in vers 72: *Die wet van u mond is vir my beter as duisende stukke goud en silwer.* Ons ken die treffende woorde van vers 105: *U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.* En in verse 151-152 sê hy dit staan vir ewig vas: *U, o HERE, is naby, en al u gebooie is waarheid. Lankal het ek geweet uit u getuienisse dat U hulle vir ewig gegrond het.*
- Kyk ook die eis in I Sam 15:22 *Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.*
- In die Nuwe Testament bevestig ons Messias weer die geldigheid van die Wet: In Mat 5:18 sien ons dat elke jota en tittel van die Wet geldig bly.

⁶ Ex 33:16; I Pt 2:9-10

- Ook in Mat 28:19 sê Jesus/JaHoshua dat ons die mense moet leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het.
- Open 22:14 *Salig is die wat sy gebooië doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.*
- Rom 10:2,3: *Want ek getuig van hulle dat hulle ‘n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.*
- As Rom 10:4 dan voortgaan deur te sê *Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo*, moet ons dit nie verkeerdelik interpreteer as dat die Wet afgeskaf is nie. Hy beklemtoon bloot die feit dat nakoming van die Wet nie vir ons as sondaars geregtigheid bring nie. Ons geregtigheid is slegs in Jesus Christus/ JaHoshua Mashiag. Jer 23:6 stel dit so: *In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.* Kyk ook na Paulus se redenasie oor die Wet in Rom 6:14 waar hy sê ons is nie meer onder die Wet nie, maar onder die genade. Dan stel hy dit dadelik in die daaropvolgende verse in perspektief deur weereens ons vrywillige gehoorsaamheid te beklemtoon. Dit is dus duidelik dat gehoorsaamheid aan God steeds ‘n vereiste is. En let op wat sê hy in Rom 3:31 *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.*
- 1Jn 5:3 stel dit treffend: *Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooië bewaar; en sy gebooië is nie swaar nie.*⁷

2.4 Positivering van die wet

As ons kyk na die tiende gebod in Ex 20, dan staan daar in vers 17 *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.* Vergelyk dit met Deut 5:21 *En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.* Toe Israel nog op trek deur die woestyn was, was landerye nie ter sprake nie, maar toe hulle die beloofde land moes beset, het dit relevant geword. Die beginsel bly egter dieselfde. In vandag se terme sou ons kon sê “jy mag nie jou naaste se kar of selfoon of seiljag begeer nie” Dit is wat ons noem ‘regpositivering’.

As die Bybel sê ons moet die wet gehoorsaam, beteken dit ons moet die beginsel van die wet gehoorsaam. Wat reg en verkeerd was in die Bybel, is nou nog reg en

⁷ Nog tekste wat lig hierop werp, is: Lev 18:4; Deut 15:5; 27:10; 30:16; Ps 19:8-11; Pred 12:13; Jes 58:13,14; Joh 15:10-14; I Petr 1:14; I Joh 2:3-5; 3:24; Rom 3:24; Gal 2:16; II Joh 1:6; Open 14:12

verkeerd. Jak 1:17 sê *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.*

Die wette van Moses en die ander voorskrifte van die Bybel moet dus nie noodwendig letterlik oorgeneem word nie, maar wel die beginsel van die wette. Die staat se wette moet altyd getoets word teen die Bybelse beginsels.

2.5 Toepassingspektrum van die Wet

Sommige gelowiges meen dat al die wette van Moses vandag nog van toepassing is. Ander meen weer dat die seremoniële- en offerwette net tydelik was en heengewys het na die lossingwerk van Jesus/JaHoshua. Hoewel ons bid en streef na eensgesindheid – ook hieroor – val dit buite die bestek van die staat, omdat die staat slegs burgerlike wette moet maak en toepas. Die ander wette lê op die terrein van ander lewensverbande, soos die gemeente en die gesin.

2.6 Teokrasie

2.6.1 Teokrasie beteken ‘God regeer’.

In die eerste plek is die hele skepping ‘n ware Teokrasie⁸, omdat God dit regeer en volgens sy raadsplan bestuur. Tweedens sal ons Koning, Jesus Christus/JaHoshua Mashiag met sy wederkoms weer ‘n ware Teokrasie kom vestig.

Verder moet ons in gedagte hou dat enige godsdienstige regering, wat ‘n god as hul heerser beskou, of wat beweert dat hulle ampsdraers deur goddelike inspirasie regeer, in die staatswetenskap as ‘n teokrasie beskou kan word.

Binne ons sondige bestel kan ons as mense nie ‘n ware Teokrasie vestig nie. Sommige mense is dan ook ongemaklik met die gedagte dat ons ‘n Teokrasie in die sondige tydelike bestaan wil vestig. Verskeie besware word aangevoer:

- Sommige meen ons kan hoogstens streef na ‘n ‘Teonomie’ of Gods-gehoorsame regering. Die regering van die rigters en die konings van Israel sou dan wel kon kwalifiseer as ‘n Teokrasie omdat die profete God kon raadpleeg en dan God se eie besluite aan die rigter of koning kon oordra. Die argument is dus eintlik bloot dat ons nie ‘n Teokrasie kan vestig nie, omdat God nie meer direkte opdragte deur sy profete gee nie. Aan die ander kant sou ons kon redeneer dat ons nou wel God’s Woord en sy Natuureg of Skeppingsorde het waarin die riglyne van sy wil duidelik is. As ‘n regering

⁸ Ons skryf dit met ‘n hoofletter omdat “Theos” = God

- sy besluite deurgaans hieraan toets en ons Vader se leiding ernstig biddend vra, meen ons dat ons steeds kan sê: God regeer.
- Ander meen dat die Ou-testamentiese wette nie meer op ons van toepassing is nie, omdat ons in Christus/Mashiag ‘vrygemaak is van die wet’. Soos ons egter hierbo aangetoon het, eis God steeds gehoorsaamheid aan Sy wet.
 - Daar is ook ‘n gevestigde mening dat, na die koms van die Messias, die Teokrasie of ‘Christokrasie’, slegs in die kerk bestaan en dat die staat nie so bestuur mag word nie, maar eerder in die belang van almal – gelowiges en ongelowiges – moet regeer. Ons is egter oortuig dat die Bybel (Mar 12:30; Rom 12:1) eis dat ons hele lewe, met al sy fasette in diens van God moet wees. Ons meen dit is ‘n logiese afleiding dat dit ons Vader sal behaag as ons ‘n Godsgehoorsame staatsbestel oprig.
 - Verder is daar ‘n beswaar dat ons nie ‘n gemeenskap moet probeer vestig waar ons die ongelowige uitstoot nie. As gesag hiervoor word Mat 13:24-30 aangegee waar Jesus/JaHshua die Koninkryk van God vergelyk met ‘n land waar die boer se vyand onkruid tussen die goeie saad gesaai het en toe die diensknegte die onkruid wou uittrek, het die boer hulle geantwoord: *Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.* Hierdie is egter nie ‘n opdrag nie. Dit is bloot ‘n verduideliking van die Koninkryk. Daarteenoor is daar wel ‘n opdrag in 1Kor 5:7 *Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.*⁹
 - Daar is ook ‘n bekommernis dat ons poog om die Messiasryk nou reeds daar te stel. Ons moet dit duidelik stel dat dit nie ons bedoeling is nie.

Ons moet dit ook duidelik stel dat ons die wette en voorskrifte van die hele Bybel as basis vir die positivering van wette in die Teokrasie stel, nie net die Ou-testamentiese wette nie. Ook meen ons tog wel dat ons verder moet gaan as om bloot ‘n regeringsvorm daar te stel wat regeer volgens die wette en voorskrifte van die Bybel. Ons verwag ook van die besluitnemers om die leiding van ons Vader te vra in hul besluite en ons kan ook op grond van die beloftes en werking van die Heilige Gees verwag dat Hy wel leiding sal gee aan die besluitnemers.¹⁰

Omdat ons nie daarop aanspraak maak dat ons die vlak van Teokrasie in die tyd van Moses of Samuel sal bereik nie, het ons oorweeg om die term ‘Teokratiese Republiek’ te gebruik, maar aangesien ‘republiek’ van die Latyn ‘res publica’ af kom, wat ‘die saak van die publiek’ beteken, het ons besluit dit

⁹ Nog tekste wat die opdrag gee, is: Gal 5:9 en II Kor 6:17.

¹⁰ Jes 8:19; 30:21; Jer 33:3; 42:1-7; Sef 1:2-6; Joh 15:5; Jak 1:5

is te mensgerig. Ons moet heeltemal Godgerig wees. Ons volstaan dus by die term ‘Teokrasie’ in die breër sin van die woord en sluit ook ‘n Godsgehoorsame regering daarby in.

2.6.2 Demokrasie vs Teokrasie

Ons het gewoon geraak aan demokrasie as besluitnemingstelsel. Dit is egter ‘n stelsel wat sy wortels in die Liberale Humanisme (wat die mens verheerlik) het. Eintlik is die stelsel wat ons ken eerder ‘n meerderheidsbesluitnemingstelsel, want demokrasie beteken ‘die volk regeer’ – en daarvan is deesdae maar min te sien. Maar kom ons noem maar die stelsel ‘n ‘demokrasie’ soos wat dit in die spreektaal bekend geraak het. Omdat besluitneming altyd afhanklik is van die goedkeuring van die meerderheid, is die stelsel geneig om die meerderheid mense ter wille te wees. Binne so ‘n demokratiese besluitnemingstelsel is dit steeds moontlik dat daar ‘n Godsgehoorsame regering tot stand kan kom, mits die meerderheid burgers ernstige gelowiges is. Tog het die praktyk geleer dat die openbare kommunikasiemedie, soos radio, TV, fliëks en koerante die gemiddelde moderne mens se denke heeltemal manipuleer. Nou is dit ook ‘n tragiese feit dat hierdie media (met die uitsondering van ‘n paar moedige kleiner pogings) beheer word deur vyande van God wat hulle toelê daarop om ons volk weg te lei van ons Vader af en om so ons volk uiteindelik heeltemal te vernietig.¹¹

Ongelukkig bied die alternatiewe besluitnemingstelsels wat die mens ontwerp het, ook nie ‘n bevredigende oplossing nie. Dit is juis omdat die alternatiewe regeringsvorme naamlik monargie en aristokrasie so onbevredigend was, dat demokrasie so gewild geword het. As gevolg van die meerderheid mense se onvermoë om onafhanklik te dink, lei demokrasie self egter noodwendig tot oligargie.¹² Demokrasie is dus in werklikheid net ‘n illusie.

¹¹ Die internasionale media is nie net daarop uit om *ons volk* te vernietig nie. Hulle is bloot handlangers van Satan wat God se skeppingsorde in totaliteit probeer vernietig. Hy val veral die Westerse beskawing aan omdat ons die draer is van die Evangelie. Hy wil al die boublokke van God se menslike gemeenskap vernietig. Die boublokke is die gesin, die familie en die volk. Hy is ook baie suksesvol, want hy het reeds tot ‘n groot mate daarin geslaag om ons familieverbande te vernietig. Die gesinsverband is besig om te verkrummel en volksverband is reeds in diskrediet in die liberale westerse lewensbeskouing. Hy gebruik ook ander middele. Selfs kerke verkondig nou liberalisme.

¹² Oligargie beteken dat ‘n paar mense regeer. Dit is egter nie ‘n aristokrasie wat op klasserstand gebaseer is nie, maar eerder ‘n eksklusiewe groep wat die politieke stelsel en sosiale orde doelbewus manipuleer en die sogenaamde ‘openbare mening’ vorm. In ons moderne konteks is dit hoofsaaklik die internasionale geldmag, die mediabase en die internasionale kerklike beweging.

Verder is demokrasie ook nie Bybels nie.¹³ Moses, Samuel en Dawid het in alles die leiding van ons hemelse Vader gevra.¹⁴ God het ook voorgeskryf dat sy beslissing deur die lot gevra word.¹⁵ Verder het elke familie 'n verteenwoordiger gehad en hierdie 'oudstes' het Moses van raad bedien.

In teenstelling met die demokrasie, is die Teokrasie se doel uitsluitlik om God ter wille te wees. Paulus noem dit ons redelike godsdiens in Rom 12:1 en 2: *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

In die bespreking van die geskiedenis van Teokrasieë hieronder, sal ons egter sien hoe Teokrasieë ook kan ontaard om die mens ter wille te wees.

2.7 Terugblik na Teokrasieë in die Westerse politieke tradisie

Ons moet onself die vraag afvra of ons net met 'n teoretiese oefening besig is. As ons werklik ernstig is om God in die praktyk te gehoorsaam, moet ons leer uit die geskiedenis en in die besonder kyk na die volhoubaarheid van Teokrasieë en

¹³ Daar is wel tekste, soos Hand 14:23, waar 'n saak uitgemaak kan word dat daar met 'n meerderheid van stemme kandidate vir ampte aangewys is in die vroeë gemeentes. Die teks kan ook beteken dat die apostels mense met die hand uitgesoek het. Hoe dit ookal sy, dit is nie onbybels om kandidate aan te wys by wyse van stemming nie, mits die 'kiesers' God se eer ten doel het en hulle die kandidate self ken en dus 'n ingeligte besluit kan neem. Ons meen ook verder dat die finale beslissing van ons Vader afgebid moet word (Luk 16:15; Hand 1:23-26; 15:8; I Kor 3:20).

¹⁴ Ex 18:15,16; 33:7; I Sam 22:10, 21; 30:8; II Sam 2:1; 5:19, 23; I Kron 14:10, 14.

¹⁵ Ons het reeds hierbo met teksverwysings aangedui hoe belangrik dit is dat ons volk ons hemelse Vader moet raadpleeg. Ons weet ook dat ons dit in ootmoed en met gebed moet doen. Verder is dit bekend dat ons dit met 'n opregte hart moet doen, so-nie sal Hy ons nie antwoord nie, of met 'n leuengees antwoord tot ons vernietiging! (Spr 21:2; II Kron 18:3-6,17-22; Eseg 14:3-9; 20:1-4; 20:31,35; Rig 8:27). Wat egter vir baie van ons vreemd is, is dat Hy die gebruik van die lot voorskryf as middel om Hom te raadpleeg (Ex 28:30; Lev 8:8; Num 27:21; Deut 33:8; I Sam 19:21; 22:10-15; 28:6; I Kron 24:31; Esra 2:63; Neh 7:65; Spr 16:33; Hand 1:26). Ons het nou ook gesien dat die stene wat gebruik is om die lot te werp, 'Urim en Tummim' heet. Hierdie stene is deur die Hoëpriester in 'n borstas geplaas wat saam met 'n skouerkleed ('Efod') gedra is (Ex 28:1-4; Lev 8:5-8; I Sam 2:18; 14:3; 21:9; 22:18; 23:6,9; 30:7,8) Let ook daarop dat die werp van die lot nie 'n beslissing afdwing nie. Dit werk so dat die vraag ook onbeantwoord kan bly as ons Vader so wil.

Godvresende regerings. Ons het selfs gaan kyk na ander godsdienstige politieke stelsels.¹⁶

Let veral op Josua se profetiese waarskuwing aan die Israëliete in Jos 24:14-22:

- 14 *Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE.*
- 15 *Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.*
- 16 *Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons die HERE sou verlaat om ander gode te dien;*
- 17 *want die HERE onse God, dit is Hy wat ons en ons vaders uit Egipteland uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het;*
- 18 *en die HERE het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal die HERE dien, want Hy is onse God.*
- 19 *Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan die HERE nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.*
- 20 *As julle die HERE verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het.*
- 21 *Toe sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal die HERE dien.*
- 22 *Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself die HERE gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.*

Die geskiedenis van Teokrasieë skep 'n somber prentjie. Telkens word dit met goeie bedoelings begin, maar binne enkele geslagte neem die sondige natuur van die mens oor. Dan word die Teokrasie 'n magtige stelsel van onreg met die gesag van godsdiens.

- 2.7.1 Die tyd in die tuin van Eden voor die sondeval was 'n ware Teokratiese bestel. Met die sondeval het die ongehoorsaamheid gekom. Tot en met die wederkoms sal ons hieronder gebuk gaan en sal enige Teokratiese bestel onder aanval van Satan kom.
- 2.7.2 Die eerste Teokratiese *staats*bestel waarvan ons in die Bybel leer, is dié van Moses tydens die Eksodus van Israel. Ondanks die ongehoorsaamheid van die volk en van Moses self, kan ons hierdie Teokrasie oor 'n tydperk van 40 jaar as haalbaar en volhoubaar beskryf.

¹⁶ Ons is bewus daarvan dat die meeste van hierdie stelsels nie ware Teokrasieë is nie, maar dit is tog leersaam om uit 'n wetenskaplike oogpunt daarvan kennis te neem.

- 2.7.3 Daarna was die Teokrasie in die tyd van van Josua ook voortgesit, hoewel hy die volk gewaarsku het dat hulle dit nie sal kan volhou nie, omdat hulle so ongehoorsaam is.
- 2.7.4 Josua se voorspelling het net in die volgende geslag waar geword, toe Israel afgewyk het deur met die ander volke te vermeng.
- 2.7.5 Ook die tydperk van die Rigters is grotendeels gekenmerk deur ongehoorsaamheid en wegdwaling.
- 2.7.6 Die tydperk van die konings van Israel het wel hoogtepunte gehad (veral in die tyd van Dawid, wat JHWH gedurig geraadpleeg het), maar uiteindelik kon hulle die Teokrasie nie volhou nie. Hulle het die profete, wat vir hulle die pad moes aandui, vermoor. Hulle straf was verbanning en verstrooiing.
- 2.7.7 Die volgende Teokrasie was die Makkabeërs. Hulle het met groot ywer die volk en God gedien – ongelukkig in daardie volgorde. Hoewel hulle aanvanklik gemotiveerd was om die eer van JHWH te herstel en die Tempel te reinig, het hulle ywer later op die volk oorgegaan.
- 2.7.8 Daarna volg die Joodse Sanhedrin. Hoewel hulle onder die gesag van die Romeinse Ryk gestaan het, word hulle tog as ‘n teokrasie beskou. Hulle is gekenmerk deur wettiesheid. Uiteindelik het hulle so ver afgedwaal dat hulle die Seun van God, die Messias en Verlosser, vermoor het.
- 2.7.9 Die volgende Teokrasie was die Roomse Kerk. Veral gedurende die Middeleeue het hierdie kerkregering tot groot dwalings oorgegaan en op gesag van godsdiens, kruisvaarte uitgestuur wat moord en geweld gepleeg het. Hulle het vir eeue lank ware gelowiges uitgemoor. Die wandade en onreg het sy hoogtepunt bereik met die grootskaalse moord van die hervormers tydens die Inkwisisie.
- 2.7.10 Tegelykertyd het ook die Ortodokse Kerk in Oos-Europa gesag gevoer. Daar het die kerk nie die terrein van die staat betree in dieselfde mate as die Roomse kerk nie en dit kan dus ook nie werklik as ‘n teokrasie beskou word nie. Hulle het in elk geval ook gedwaal as gevolg van die mensgemaakte godsdiens wat die kerk verhef het tot absolute gesag, wie se ordonnansies net soveel gewig dra as die Bybel.
- 2.7.11 Geneve het ‘n kortstondige Godvresende regering gehad in die tyd van Calvyn, wat die toets van haalbaarheid slaag, maar die regering se lewensduur was te kort om as volhoubaar beskryf te word.
- 2.7.12 Die Protestantse regerings van Europa na die Hervorming was Godvresende regerings, maar ongelukkig het Satan sy beplanning gereed gehad en die opkoms van liberalisme na die Franse Rewolusie het hierdie Godvresende regerings gekelder.
- 2.7.13 Die Puriteine het ‘n Godvresende regering gevestig in die vroeë koloniale jare van New England in die Noord-ooste van die VSA. Uiteindelik kon hulle egter ook nie die vernietigende werk van die liberalisme ontsnap nie.
- 2.7.14 Ook in die weste van Amerika het die Mormone ‘n teokrasie gevestig, wat later beperk is tot die staat ‘Utah’. Nadat die staat deel van die VSA geword

- het, het hul wette (veral oor poligamie) in konflik met die federale regering gekom en het die teokrasie uiteindelik afgewater.
- 2.7.15 Die Boererepublieke was deur die genade van ons Vader in 'n unieke posisie deurdat hulle na die Groot Trek afgesonderd was van die res van die wêreld. Dit het meegebring dat hulle grootliks die opkoms van Satan se liberalisme vrygespring het. Ongelukkig het hulle nagelaat om hul Geloftes na te kom en alle eer aan hul God te gee. Hulle is egter nie deur liberalisme vernietig nie, maar deur geweld onderwerp in die Tweede Vryheidsoorlog. – Daarna kon die Liberaliste vryelik die harte en siele van die Boerevolk besoedel.
- 2.7.16 Weereens het ons 'n Godvresende regering gekry in 1948, maar nadat ons die beloofde seëninge ontvang het, het ons eie eersug dit ondermyn, sodat dit na die dood van Verwoerd, vinnig verval het in 'n humanistiese bestel.
- 2.7.17 Die Vatikaan, wat regeer word deur die sg *Sancta Sedes*, is ook 'n voorbeeld van 'n godsdienstige regering. Hoewel dit beskou word as 'n teokrasie, en dit wel volhoubaar administreer word, kan dit nie vir ons as voorbeeld dien nie, want die Vatikaan se omstandighede is uniek en sy totale bevolking is 'n skamele 826. Ons beskou hulle in elk geval as 'n vyand van die ware Godsdien.
- 2.7.18 Hoewel die 'Amish' in Pennsylvania nie 'n onafhanklike staat bestuur nie, kan hulle lewenswyse in 'n sekere sin as 'n Teokrasie beskou word. Hierdie unieke stelsel, wat Christus/Mashiag as Koning vereer, is 'n voorbeeld waarby ons baie kan leer. Die 'Amish' se stelsel is beslis tot op hede 'n volhoubare sukses, ondanks die feit dat hulle onder 'n sekulêre regering en sy wette staan. Hulle het wel noemenswaardige invloed op die wetgewing van die staat 'Pennsylvania', wat dit vir hulle moontlik maak om lewensruimte vir hul lewensbeskouing te skeep.
- 2.7.19 Nog 'n voorbeeld van 'n relatiewe sukses is die vestiging van die staat Israel. Hoewel 'n minderheid van hulle baie godsdienstig is, word die staat self nie meer daardeur gekenmerk nie. Hul godsdien is gegrond op die Talmud, wat 'n verwerking van die Wet is. Hulle is op die oog af baie godsdienstig, maar hang 'n mensgemaakte weergawe aan. Hier moet ons ook as voorbehoud stel dat hulle die staat hoofsaaklik met skenkings van goedgesinde Jode uit die buiteland finansier. Ons kan dus ook nie hier werklik van 'n volhoubare teokrasie praat nie.
- 2.7.20 Ironies is dat die mees suksesvolle teokrasieë die regerings van Islam is. Waarskynlik is die rede dat Satan nie so 'n groot probleem met hulle het nie.

Ons sien dus dat die geskiedenis van Teokrasieë en Godvresende regerings tragies was. Satan slaag elke keer daarin om die mens te oortuig om sy eie godsdien uit te dink. Om die waarheid te sê, as 'n Teokrasie afdwaal, is dit gevaarliker as 'n liberale demokrasie, want dan word die onreg gepleeg op gesag van godsdien.

Ons gevolgtrekking is dat, in die lig hiervan, ‘n Teokrasie menslik gesproke nie volhoubaar is nie omdat mense nie die aanslae van Satan kan afweer nie.

Hierteenoor het ons die beloftes van JHWH. Luk 18:27 ... *Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.* Ps 119:4-6: *U het u bevele gegee om dit trou te onderhou. Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou! Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie.*

Dan moet ons as gelowiges bely dat ‘n Teokrasie wel haalbaar is as dit ons Vader se wil is. Die mislukkings van die verlede kan ook nie voor JHWH as Ewige Koning se deur gelê word nie. Die “volmaakte” regeerstelsel van JHWH is dus nog altyd tot die Verbondsvolk se beskikking om toegepas te word. Ons kan tog vir geen oomblik sê omdat daar massas sogenaamde Christene is wat ‘n skande en droefenis in JHWH se skepping is, dat dit vir ons nodeloos is om Sy aangesig en Sy welbehag te soek nie.

2.8 Status van hierdie dokument

Hierdie is steeds ‘n konsepdokument. Dit is egter nie net ‘n teoretiese oefening nie. Ons het ons Vader se onveranderlike beloftes dat Hy ons sal red as ons ons tot Hom keer met ‘n onverdeelde hart (II Kron 7:14; Mat 22:37). Met hierdie dokument toon ons ons geloof aan die hele wêreld dat ons net op Hom vertrou om aan ons die verlossing te skenk. Ons skryf nie voor nie en ons bede is steeds dat Sy Wil sal geskied.

Hierdie verslag sal DV aan die Volksvergadering van 8-10 Oktober 2010 voorgelê word vir goedkeuring. Hieronder bespreek ons die riglyne vir ‘n Grondwet. Met inagneming van hierdie riglyne en uiteindelik getoets teen die Bybelse beginsels, moet deskundiges op die verskillende gebiede die bewoording van die Grondwet, sowel as die besondere wette nagaan en verfyn.

3. Riglyne vir 'n Grondwet van Gelofteland

3.1 Aanhef en die doel van die staat

In nederige erkentlikheid teenoor die almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;

Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie land gevestig het;

Wat hul weë deur die geslagte bepaal het;

Wat hulle so wonderlik deur gevare gelei het; en

wat teen alle menslike verwagting in weer ons vryheid op wonderbaarlike wyse aan ons geskenk het;

Verklaar ons, dat aangesien ons bewus is van die verantwoordelikheid teenoor

JHWH en sy skepping en van ons totale afhanklikheid van Hom; en

aangesien ons uit dankbaarheid vir ons verlossing deur Jesus Christus/ JaHoshua

Mashiag, Hom as volk eendragtig wil dien, is ons oortuig van die noodsaaklikheid om gehoorsaam te wees aan sy Wet. Daarom sal ons tot sy eer:-

- ons wette inrig volgens die Bybel om orde te handhaaf;
- ons land en ons vryheid verdedig;
- die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal bevorder;
- in vrede met alle volke en mense probeer lewe.

Die doel van die volkshuishouding, en dus ook die staat is om ons Skepper en Losser te verheerlik en te dien en om sy heilige Naam, JHWH groot te maak. Die volk en die staat het geen doel op sigself nie, maar moet sy Godgegewe roeping vervul.

In afhanklikheid van JHWH bepaal ons dan nou die volgende oor ons land:

3.2 Grondslag

Ex 20: 1-17

1 Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê:

2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

- 7 *Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*
- 8 *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.*
- 9 *Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;*
- 10 *maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.*
- 11 *Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.*
- 12 *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.*
- 13 *Jy mag nie doodslaan nie.*
- 14 *Jy mag nie egbreek nie.*
- 15 *Jy mag nie steel nie.*
- 16 *Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*
- 17 *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

Mar 12:29-31

- 29 *En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here;*
- 30 *en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.*
- 31 *En die tweede, hieraan gelyk,¹⁷ is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.*

Mat 7:12 *Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.*

3.3 Naam

Die Naam van die staat is Gelofteland.¹⁸

3.4 Grondgebied

Die grondgebied is dit wat ons Vader aan ons sal gee.

¹⁷ 'n Beter vertaling sou wees: 'net soos die eerste' of 'afgelei uit die eerste'.

¹⁸ Al sou ons nie die naam 'Geloftevolk' gebruik nie, dink ons steeds dat 'Gelofteland' die aangewese naam is, want dit gee die beste uitdrukking aan ons verhouding met ons Vader.

3.5 Algemene Politiek

Die algemene politiek moet bedryf word ter getuienis van die volk se totale afhanklikheid van JHWH, die almagtige en alleenwyse God. Hieruit moet ook die intieme verhouding van die volk, die familie, die gesin en die individuele burger tot JHWH en sy Seun, die Gesalfde, bevorder word sodat die totale volkshuishouding tot getuienis van sy majesteit, goedertierenheid en genade sal bestaan en funksioneer.

Die volksbestuur moet met doelgerigte leiding, 'n harmonieuse eenheid bevorder, waar die individuele burger binne sy betrokke samelewingsverbande vrywillig die wil van ons Vader sal begin soek.

Die doel van die volkshuishouding is nie primêr om te presteer op politieke, ekonomiese, maatskaplike, of kulturele (bv sport) gebied nie. Ons moet egter ons bes doen op alle gebiede om so ons Vader te verheerlik.

Die uitlewing van hierdie eerbetoon moet op alle gebiede uitdruklik en ooglopend wees, sodat dit duidelik is vir die hele wêreld (Mat 10:32 *Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is*).

Elke ampsdraer is uiteindelik aan ons hemelse Vader verantwoordelik. Geen geheime organisasies word toegelaat nie en ampsdraers mag nie aan 'n geheime organisasie elders behoort nie. Alle ampsdraers moet hul lojaliteit en toewyding aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees bevestig met ampsaanvaarding. As daar enige verandering by hom is hieroor, moet hy bedank.

Elke vergadering, hofsitting of ander amptelike byeenkoms moet met Skriflesing en gebed geopen word. Geen voorgeskrewe gebed word gebruik nie. Elke gebed moet 'n persoonlike kommunikasie met ons Vader wees, waarin sy leiding afgesmeek word. Daarnaas moet ook 'n geloofsbelydenis voorgelees word.

3.6 Politieke partye

In 'n liberale demokratiese politieke stelsel is politieke partye noodsaaklik sodat die ampsdraers verantwoording kan doen aan die kieser. Sonder politieke partye, of selfs waar politieke partydissipline swak is (soos in die VSA), vul drukgroepe, geheime organisasies en die media hierdie leemte. Dit veroorsaak dat besluitneming deur klein, klandistiene groepe geneem word.

In 'n Teokrasie word besluite egter nie deur die meerderheid geneem nie en by elke besluit word God geraadpleeg. Gevolglik sal die drukgroepe en

manipuleerders nie die besluitnemingsproses kan beheer nie. Daarom is die bestaan van politieke partye ook oorbodig.

3.7 Taal

Die amptelike taal is Afrikaans. Alle handelsware sal mettertyd hul reklame en handleidings in Afrikaans moet uitgee. Invoerders sal moet toesien dat dit gebeur. Waar dit nie moontlik is nie, sal invoerders self moet toesien dat dit geskied. Die aanleer van 'n tweede taal is verpligtend en die aanleer van 'n derde taal sal sterk aangemoedig word.

3.8 Regeringsamestelling

3.8.1 Staatshoof

Ons Koning is Jesus Christus/JaHoshua Mashiag. Hy word ook genoem JHWH, ons Geregtigheid (Jer 23:6).

Die Goewerneur¹⁹ tree op in diens van Hom, en tot sy eer. Hy is die hoof-uitvoerende beampte en voorsitter van die Uitvoerende Raad.

3.8.2 Funksionele orgaandeling

Die Westerse staatsfilosofie beklemtoon die belangrikheid van die sogenaamde 'driedelingsleer' of '*trias politica*', waarvolgens die Wetgewende-, Uitvoerende- en Regterlike 'magte' geskei moet wees. Die rede is sodat daar nie te veel mag by een staatsliggaam setel nie. Prof Frans Wessels redeneer egter in sy Boek 'Die Republikeinse Grondwet'²⁰ tereg dat die staatsmag onskeibaar is en dat Wetgewende- Uitvoerende- en Regterlike verantwoordelikhede van die staat inderdaad net verskillende funksies is. Daarom kan ons hoogstens praat van 'n skeiding van funksies. Ons wil dan ook hierdie skeiding in Gelofteland handhaaf. Die regbank moet onafhanklik wees van die Uitvoerende- en Wetgewende gesag en die Uitvoerende gesag moet verantwoording doen aan die Wetgewende gesag.

3.8.3 Wetgewende gesag

a) Naam: Die wetgewer heet die Raad van Rigters

¹⁹ Ander voorstelle vir 'n gepaste naam is welkom.

²⁰ 1962, Nasionale Boekhandel, Kaapstad

- b) Wetgewende proses: Die Raad van Rigters moet die landswette formuleer (positiever) volgens die Tien Gebooe en ander voorskrifte van die Bybel. Hier moet ons die gemenerereg, die Romeins-Hollandse reg en selfs die moderne Liberale wetgewing gebruik om uit al die bronne die beste wetgewing op te stel wat in lyn is met die Tien Gebooe, die Burgerlike wette van Moses, die ander Bybelse voorskrifte en die Goddelike Natuurreg. Die doel van die wette is om JHWH te verheerlik deur sy gebooe te onderhou. Ons moet nie 'n las op die volk lê nie (vgl Mat 11:30)

Elke konsepwet moet debatteer en dan eenparig goedgekeur word. Indien eenstemmigheid nie bereik kan word nie, moet die vergadering verdaag vir 'n dag van vas en gebed. Gedurende hierdie reses mag lede mekaar nie mondelings probeer oortuig nie. Hulle mag wel skriftelike motivering aan mekaar gee vir oorweging. As hulle weer vergader, moet geen bespreking toegelaat word nie. Die vergadering word dan weer gevra of daar enige beswaar is. As daar steeds nie eenstemmigheid is nie, moet die lot gewerp word om ons Vader se beslissing te vra.²¹ As die konsep afgekeur word, moet die opstellers dit weer aan Bybelnavorsing onderwerp. As dit goedgekeur word, word dit op die wetboek geplaas.

- c) Samestelling van die Raad van Rigters (RR):

- i) Aanwysingsdatum: Die Goewerneur bepaal 'n datum waarop Rigters aangewys word.²²
- ii) Nominasie: Die land word in kiesafdelings opgedeel en elke kiesafdeling het 'n Afdelingsraad²³. Enige burger binne 'n kiesafdeling, waarvan die politieke reg nie opgeskort is nie, kan 'n ander burger, bo dertigjarige ouderdom en waarvan die reg nie opgeskort is nie, nomineer vir die RR, vergesel van 'n Curriculum Vitae en minstens drie verwysings. Elke kandidaat moet openlik sy lojaliteit teenoor JHWH bely. Die nominasies met CV's moet vir twee weke by 'n openbare plek, soos 'n landroskantoor ter besigtiging van die burgers wees. Enige burger mag dan 'n kommentaar of beswaar indien in hierdie tyd.

²¹ Wat die gebruik van die lot betref, moet u asb kyk na die verduideliking in die voetnota onder die bespreking van 'Demokrasie vs Teokrasie' hierbo.

²² Aanvanklik sal daar uit die aard van die saak nie 'n goewerneur wees nie. Trouens, geen van die samestellende dele sal bestaan nie. As daar op daardie stadium vrede tussen volksorganisasies bestaan, kan hulle gevra word om dit te administreer. So-nie, kan die 'oudstes van die volk' gevra word. Voorstelle is welkom.

²³ Afdelingsrade word hierna bespreek

- iii) Afdelingsrade stel kortlys op: Die Afdelingsraad kyk die kandidate se CV's deur, sowel as kommentare en besware wat ingedien is en voer onderhoude met die kandidate, sowel as met die verwysings. Hulle stel dan 'n kortlys van geskikte kandidate op.
- iv) Aanwysing deur die lot: Die dag voor die aanwysingsdatum is 'n dag van vas en gebed om ons Vader se beslissing te vra. Die volgende dag werp die voorsitter van die afdelingsraad die lot oor elke kandidaat. Indien meer as een kandidaat in 'n kiesafdeling aangewys word, moet hulle om die beurt die plig van Rigter vir 'n gelyke tydperk opneem. Die lot moet dan ook die volgorde bepaal. Indien geen kandidaat aangewys word nie, moet nuwe nominasies aangevra word. Afgewysde kandidate mag nie weer vir daardie termyn genomineer word nie. Hulle mag wel vir 'n volgende termyn genomineer word.
- v) Vakatures: Dieselfde prosedure word gevolg in geval daar 'n vakature ontstaan.
- vi) Termyn: Vyf jaar, maar hulle is hernomineerbaar.
- vii) Voorsitter: Enige Rigter kan enige ander Rigter nomineer as voorsitter van die RR. Na 'n dag van vas en gebed waarin ons Vader se beslissing gevra word, word die lot, in die teenwoordigheid van die hele RR, deur die Hoofregter gewerp oor elke kandidaat.
- viii) Die RR moet toesig hou oor die Uitvoerende Raad met behulp van gekose komitees, maar het self geen uitvoerende funksies nie.

3.8.4 Uitvoerende Raad (UR):

- a) Samestelling: Enige Rigter kan enige ander Rigter nomineer vir die UR.²⁴ Na 'n dag van vas en gebed waarin ons Vader se beslissing gevra word, word die lot, in die teenwoordigheid van die hele RR, deur die Hoofregter gewerp oor elke kandidaat. As JHWH meer lede vir die UR (LUR's) aanwys as waarvoor daar portefeuljies is, sal sommige LUR's sonder portefeulje wees. As daar te min LUR's is, moet die RR ander kandidate nomineer (die afgewysde kandidate mag eers weer vir 'n volgende termyn genomineer word). Die proses hou aan totdat daar genoeg LUR's is. In die geval van 'n vakature word dieselfde proses gevolg.
- b) Termyn: Vyf jaar²⁵, maar hulle is hernomineerbaar.

²⁴ Hulle hoef nie noodwendig oor die kundigheid te beskik om die departement te bestuur nie – 'n kundige amptenaar word vir die doel aangewys. Die 'minister' moet hom egter instudeer in die funksies en hy dra die verantwoordelikheid vir die integriteit en produktiwiteit van die departement.

²⁵ Om saam te val met die termyn van die Rigters

- c) Voorsitter van die UR (Goewerneur): Enige Rigter kan enige LUR nomineer as voorsitter van die UR. Na 'n dag van vas en gebed waarin JHWH se beslissing gevra word, moet die Hoofregter die lot werp in die teenwoordigheid van die hele RR. Indien JHWH meer as een Goewerneur aanwys, moet hulle die plig vir 'n gelyke tydperk, om die beurt opneem. Die volgorde moet ook deur die lot gevra word.
- d) Portefeuljies: Die Goewerneur deel die portefeuljies toe.
- e) Pligte: Elke LUR staan aan die hoof van 'n staatsdepartement en is die verantwoordelike persoon. Hy doen dan ook verslag aan die RR. Daarnaas vorm hulle ook gesamentlik 'n besluitnemingsliggaam om die landsbestuur te behartig. Besluitneming word op dieselfde manier gedoen as by die RR.
- f) Pligte van die Goewerneur: Hy is die hoof-uitvoerende ampsdraer van die staat. Hy moet ook die seremoniële pligte van 'n staatshoof uitvoer namens en tot eer van ons Koning, Jesus/JaHoshua, die Gesalfde. Hy reël UR-vergaderings en reik verklarings uit. In gevalle waar nie eenstemmigheid bereik word nie, moet hy die lot werp (altyd na verootmoediging en gebed).

3.8.5 Volgorde: Nadat die RR aangewys is, sal dit sinvol wees as die UR eerste aangewys word en daarna die Goewerneur en die voorsitter van die RR gelyktydig.

3.8.6 Afdelingsrade (AR):

- a) Die land word in kiesafdelings opgedeel en elke kiesafdeling het 'n afdelingsraad.²⁶
- b) Pligte: Afgesien van die kieskollege wat hulle vorm vir die RR, soos hierbo uiteengesit, is die Afdelingsraad verantwoordelik vir plaaslike bestuur.²⁷
- c) Besluitneming: Die besluite word net soos by die RR geneem.
- d) Aanwysing: Enige burger waarvan die politieke reg nie opgeskort is nie, kan 'n ander burger waarvan die reg nie opgeskort is nie, nomineer vir die AR, vergesel van 'n Curriculum Vitae en minstens drie verwysings. Elke kandidaat moet openlik sy lojaliteit teenoor JHWH bely.
- e) Die stelsel sal uniaal funksioneer. Daarom sal die RR besluit watter pligte die AR'e moet uitvoer. 'n Burger mag nie gelyktydig op die AR en die RR dien nie.

²⁶ By die bepaling van die grootte van 'n Afdelingsraad, moet beide oppervlakte en bevolkingsgetalle in ag geneem word.

²⁷ dit gaan dan waarskynlik stadsrade oorbodig maak

3.8.7 Wyksrade

In plaas van die familiestrukture wat ons in die Ou Testament aantref, maar wat ongelukkig in ons samelewing verval het, kan alternatiewe, meer intieme groeperings soos gemeentes, woonbuurte, boereverenigings, of selfgeorganiseerde groepe (soos die walaers van die BV) op grondvlak funksioneer om basiese dissipline te handhaaf en dienste te lewer. Uit hulle sal dan ook nominasies gemaak kan word vir Afdelingsrade.

Ondersoek moet gedoen word na die moontlikheid om familiestrukture te herstel. Dit is een van die boustene van 'n volkshuishouding. As dit moontlik blyk, sal familiehoofde weer hul staatsfunksies kan vervul.

3.8.8 Regstelsel

a) Algemeen:

Juridiese ampsdraers moet met diensaanvaarding en jaarliks daarna hulle geloof en toewyding aan JHWH bevestig.

Elke hofsitting en regsprosedure moet met Skriflesing en gebed geopen word.

Die regstelsel pas die wet toe en moet die bedoeling van die wetgewer interpreteer, maar het geen wetgewende bevoegdheid nie.

Die instelling van die juriestelsel moet ondersoek word. 'n Stelsel van vrederegters in hul jurisdiksiegebiede, bekwaam as "leke juriste" kan moontlik die basis wees van 'n juriestelsel.

Met 'n skuldigbevinding en ander uitsprake moet die voorsittende beampte (saam met die jurie indien die juriestelsel byval vind) in afsondering bid dat JHWH die uitspraak moet bevestig of ter syde stel. Dan moet Sy beslissing deur die lot gevra word in teenwoordigheid van ten minste twee getuies wat die hele sitting (as lede van die jurie) bygewoon het. Op hierdie antwoord word die finale uitspraak gemaak.²⁸

b) Howe en regsprekers:

- i) Die hoogste hof is die Hooggeregshof. Die hof het ook 'n Appellafdeling. Die regsprekers heet Regters. Die balieraad nomineer

²⁸ Hier kan ons sien hoe belangrik dit is om in absolute ootmoed die lot te gebruik.

kandidate vir Regters. Die Hoofregter²⁹ moet, na verootmoediging en gebed, JHWH se beslissing oor elke Regter vra.

- ii) Enige Regter kan 'n ander Regter nomineer vir Hoofregter. Na gebed en vas, word die lot gewerp deur die Goewerneur om JHWH se goedkeuring te vra. Indien JHWH nie een van die kandidate aanwys nie, moet ander genomineer word. Indien meer as een goedgekeur word, moet hulle om die beurt die diens opneem. Die lot moet dan die volgorde bepaal.
- iii) Die laer hof heet die landroshof. Die regsprekers heet Landroste. Die prosedure om hulle aan te wys, is dieselfde as die vir Regters, waar die sybalie nomineer en die Hooflandros voor sit. Ook die aanwysingsprosedure van die Hooflandros is dieselfde as die van die Hoofregter, waar enige Landros 'n ander mag nomineer.

c) Die Strafproses

Die strafproses moet so ontwerp word, dat dit sinchroniseer met die Bybelse riglyne.

- i) Die tronkbevolking en gevangenisadministrasie moet minimaal wees.
- ii) 'n Stelsel van regstelling (kompensasie) en reabilitasie word gevolg waar kriminele oortredings skade berokken.
- iii) Die staatskas moet nie met boetes gevul word nie. Paroolarbeid en finansiële regstelling moet bestuur word.
- iv) Wangedrag wat skande bring vir die Geloftevolk moet met lyfstraf in geregtigheid gebring word.
- v) Bewese valse getuienis in geregshowe moet strafbaar wees.
- vi) Die doodstraf moet geld vir moord, verkragting en hoogverraad. Aborsie, behalwe om mediese en etiese redes, word as moord beskou. Ondersoek moet gedoen word oor genadedood. Ondersoek moet gedoen word na die Bybelse voorskrifte oor doodstraf vir laster en ander ontering van JHWH. Ook oor doodstraf vir sodomie en hoerery ens.
- vii) Die staat mag niemand in die versoeking bring deur intelligensie-optrede of lokvinke nie.

d) Polisie en Weermag:

Die permanente polisiemag en weermag moet tot die minimum beperk word. Voorsiening moet wel gemaak word vir spesialiseenhede. Die Gelofteland en -samelewing moet deur die burgers self beveilig word. Aangesien die Wet van JHWH in die harte van die burgers leef, behoort

²⁹ Aanvanklik sal daar nie een wees nie. 'n Tussentydse reëling moet getref word.

wet en orde deur die burgers self uitgeleef en gehandhaaf te word. ‘n Burgerlike gekombineerde polisiemag en weermag waarin alle burgers vir toepaslike rotasiediens dienspligtig is, moet die permanente diens bystaan. Hiervoor moet alle burgers met opleiding en wapens toegerus word. ‘n Minimum- en maksimum-ouderdom moet geld.

3.9 Buitelandse beleid

3.9.1 Algemeen

Ons gun ander volke ook die vryheid wat ons van ons Vader vra (Mat 7:12).
Ons sal dus nie imperialisties optree deur

- ander lande aan te val,
- aan ander volke of lande voor te skryf, of
- in te meng met die huishoudelike sake van ander lande nie.

Ons wil in vrede leef met ons bure en met alle lande en mense. Daarom doen ons ‘n beroep op alle lande, volke en mense om hulle te weerhou daarvan om

- ons aan te val
- aan ons voor te skryf, of
- in te meng met ons huishoudelike sake.

Indien ander volke hulle nie kan weerhou daarvan om hulle met ons sake te bemoei nie, sal ons ons Vader versoek om die onreg te wreek ter wille van Sy Naam en ons sal Hom raadpleeg oor die optrede wat ons te doen staan. Agressors kan in die Bybel naslaan wat hulle te wagte kan wees.

Ons mag as staat geen ooreenkoms sluit met ongelowiges waarin gesamentlike optrede beoog word nie. Ons mag wel ooreenkomste sluit oor invoertariewe en handelsprotokol byvoorbeeld ten opsigte van gesondheidsstandaarde van uitvoerprodukte. Hier is dit moeilik om die streep te trek – dit raak ‘n grys gebied – veral omdat die staat nie altyd direk betrokke is nie, maar wel sake-ondernemings. Daarom word ‘n subkomitee oor Ekonomie voorgestel om onder andere nader riglyne uit te werk vir sake-ondernemings se posisie teenoor ongelowige vennote in die buiteland.

Buitelandse ooreenkomste moet nie die eer van JHWH skend nie. Geen ooreenkomste mag aangegaan word wat aan vreemdes die indruk sal gee dat die Geloftevolk twyfel aan JHWH se Almag en Genade oor Sy volk nie. Diplomatieke betrekkinge moet in dieselfde kader val. Geen afgode mag met enige diplomatieke betrekking blootstelling kry nie en geen ongelowige mag by enige geleentheid in die vergadering van die volk of sy verteenwoordigers

verskyn nie - sodat geen beïnvloeding deur Satan langs hierdie weg kan plaasvind nie.

Ons moet besef dat ons weer gehaat sal wees in die wêreld, net soos in die tyd van Verwoerd. Ons sal waarskynlik weer geïsoleer word met sanksies en boikotte. Dit sal nie maklik wees nie, maar JHWH sal ons bewaar. Mat 10:22 *En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.* (vgl ook Joh 15:18,19)

Ons sal die volkereg gehoorsaam in soverre dit nie in stryd is met die Bybelse voorskrifte nie (Rom 13:1; Hand 5:29).

‘n Subkomitee oor buitelandse sake word voorgestel. Hulle moet onder andere riglyne uitwerk oor ambassades en ander diplomatieke betrekkinge.

3.9.2 Rassebeleid

Ons is terdeë bewus daarvan dat ons inherent niks beter is as enige ander volk of ras nie³⁰. Ons is egter volk van JHWH³¹ en daarom moet ons Hom ongekwalifiseerd gehoorsaam. Ons moet Sy Bybelse voorskrifte, sowel as Sy natuurwette gehoorsaam. Daarom mag ons nie met ander rasse meng nie. Dit beteken ook dat individuele lede van ander rasse nie burgerskap of verblyfreg in Gelofteland mag kry nie. Waar gebruik gemaak word van arbeid van ander rasse, moet dit spoedig uitgefaseer word.

Ons sal ander rasse altyd met respek behandel en, indien ‘n oortreding hiervan aan ons bekend gemaak word, sal die saak ondersoek word om reg te laat geskied.

3.9.3 Besoekers

Besoekers vir watter doel ook al van die buiteland moet ingelig word oor ons lewensbeskouing sodat hulle nie per abuis die wette oortree nie (bv oor laster, Sabbatsontheiliging, rassevermenging, ens – Num 15:16).

Ander lande mag self bepaal hoe hul afvaardigings, sportspanne ens saamgestel is. Ons sal geen voorskrifte maak ten opsigte van rassesamestelling nie. Dieselfde geld vir individuele toeriste en sakemanne. Hulle moet egter die wette van die land gehoorsaam en geen diplomatieke immuniteit sal gegun

³⁰ Ps 8:4; 103:14-16; 144:3,4; Jes 41:14; Ef 2:1-9.

³¹ Ex 33:16; Ef 2:10; I Pet 2:9,10.

word nie. Billikheidshalwe kan 'n uitsondering gemaak word deurdat 'n persoon wat JHWH oneer aandoen onmiddelik uit die land gesit word, in plaas daarvan dat hy/sy gestraf word.

3.10 Burgerskap:

Slegs 'n gelowige kind van JHWH, wat sy/haar hele lewe in sy diens stel, mag 'n burger van Gelofteland wees. Verder moet elkeen hom/haarself assosieër met die geskiedenis en strewes van die Geloftevolke. Hy/sy moet hom/haar ook verbind tot die nakoming van die geloftes.

Naas die beperkings op rassevermenging hierbo genoem, mag geen ongelowige burgerskap of verblyfreg ontvang nie (Deut 18:9-14; II Kor 6:17). Voornemende immigrante moet 'n toets skryf oor die leer van die Bybel en oor die geskiedenis van die Geloftevolke. Om burgerskap te ontvang moet 'n minimumpersentasie behaal word en burgerskap sal slegs toegestaan word wanneer die aansoeker Afrikaans magtig is. Die aansoeker moet ook 'n belydenis van geloof aflê waarin onder meer bevestig word dat hy/ sy ons Vader liefhet met sy/haar hele hart en ten doel het om Hom te verheerlik met sy/haar hele lewe. Die naturalisasie tydperk is 5 jaar.

Wanneer 'n burger ons Vader verloën, kan sy/haar burgerskap na 'n ondersoek hom/haar ontnem word, of net die politieke reg, na gelang van die omstandighede. As 'n burger skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding, word die politieke reg ook weggeneem vir 'n bepaalde tydperk.

3.11 Burgervryhede en gedifferensiëerde verantwoordelikheid

Die staat is net een samelewingsverband naas vele ander. Die staat is egter in die unieke posisie dat hy die swaardmag het om wette en belastings af te dwing. As gevolg van hierdie fisiese en finansiële vermoë beskik die moderne staat ook oor 'n sterk amptenarekorps en kundigheid. Hoofsaaklik as gevolg hiervan het die moderne staat toenemend ander funksies begin vervul:

- Die ekonomie kan nie altyd betyds die nodige infrastruktuur spontaan voorsien nie;
- Die vrye-mark se 'onsigbare hand' werk soms so stadig dat 'n ekonomie heeltemal geruineer kan word voor die regstelling plaasvind en die balans herstel is;
- As gevolg van sekularisasie is kerke nie meer in staat om in die welsynsbehoefte te voorsien nie;

- Deels as gevolg van die hoë belastingkoerse, maar ook as gevolg van die gespesialiseerde aard van onderwys, kan plaaslike gemeenskappe nie bekostig om self skole te onderhou nie;
- Kuns en kultuur word swaar gesubsidiëer in moderne lande.

Bogenoemde faktore het aanleiding gegee daartoe dat die staatstrukture in moderne lande monsteragtig groot geword het. Dit het 'n sneeubal-effek, want dit behoef toenemend groter begrotings en dus swaarder belastings of lenings wat die staat in die skuld dompel. Dit het weer die nadeel dat die staat die wêreldbank diensbaar word. Die staat moet deurentyd teen hierdie geneigdheid waak en eerder poog om die gemeenskappe te bemagtig om self die strukture daar te stel en die dienste te verskaf. Veral by groter projekte sal die staat egter onvermydelik moet toetree. Privaat- en gemeenskapsinisiatief is wenslik vir nie-staatlike funksies, maar nie ten alle koste nie.

3.11.1 Godsdienbeskerming en burgervryheid

3.11.2 Godsdienbeskerming en -vryheid en die verhouding tussen kerk³² en staat

Dit is die staat se plig om die ware Godsdien in die land te beskerm. Alle beskouings wat die eer van JHWH as primêre doel het, sal geduld word. Ander godsdienste is verbode.³³ Ons bid gedurig vir eensgesindheid en vir die genade dat ons net een, ware kerk (liggaam) van Christus/Mashiag sal wees. (Eseg 37; I Kor 1:10). 'n Huis wat teen homself verdeeld is, kom tot 'n val (Luk 11:17).

Nogtans ken ons maar ten dele en moet ons verdraagsaam wees teenoor ons broeders wat van ons verskil. Daarom sal ons steeds verskillende kerke moet duld.. Elke kerk mag sy eie kerkorde opstel waarin sy reëls en regulasies uiteengesit word. Die staat moet dan hierdie reëls respekteer en in stand hou. 'n Kerk mag egter nie die landswette oortree nie.

³² Sommige van ons mense is ongemaklik met die term 'kerk'. Daar word ook beweer dat die woord 'kerk' nie in die Bybel voorkom nie en dat dit dus 'n mensgemaakte onding is. Ons moet egter onthou dat 'kerk' net 'n Afrikaanse beskrywing is van enersyds die liggaam van Christus/ Mashiag, en andersyds van 'n groep gemeentes wat dieselfde beskouing het oor die leerstellings van die Bybel. Die Griekse woord ekklesiā word deurgaans met 'gemeente' vertaal in die Afrikaanse Bybel. Dit kan egter net so maklik met 'kerk' vertaal word op plekke waar meer as een gemeente ter sprake is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Mat 16:18 waar Jesus/JHoshua aan Petrus sê *op hierdie rots sal Ek my gemeente bou*. Die King James vertaal dit ook dan so: *upon this rock I will build my church*.

³³ Ex 22:18

Die kerke moet hul plig nakom deur die ware evangelie te verkondig. Hulle moet na binne hul lidmate vermaan om JHWH lief te hê, te gehoorsaam, te dien en te vrees, uit dankbaarheid vir die lossing van Jesus Christus/JaHoshua Mashiag. Na buite moet hulle ook hul plig nakom deur die ander samelewingsverbande (ook die staat) voortdurend te vermaan om gehoorsaam te bly aan die Skrif. Hulle moet hulle egter hiertoe beperk en nie onderwerpe aanraak wat op die vlak van humanistiese etiek lê nie.

Die kerke moet ook hul opvoedingsplig nakom deur onverskillige volksgenote te bring tot innerlike verandering om vrywillig die beginsels van die Bybel uit te leef.

Die staat moet toesien dat die Sabbat nie ontheilig word nie en dat JHWH nie onteer word nie. Verder moet die staat al die burgerlike wette wat die Bybel voorskryf, toepas. Deeglike ondersoek moet gedoen word oor watter wette, insettinge en verordeninge burgerlik van aard is en watter nie, sodat die staat sy Godsvererende funksie kan vervul sonder om op die terrein van die kerk te oortree. Dit sal dan op die weg van die kerke, gemeentes en gesinne wees om die ander wette toe te pas en na te kom. Dit val egter buite die bestek van hierdie verslag.

Ons is bewus van die verskeuring in ons volk op geloofsgebied. Die vervreemding is reeds so groot dat volksgenote mekaar verafsku. Die geestelike toestand van ons volk is haglik:

- Die meeste teoloë en lidmate van die tradisionele gereformeerde kerke het hul gereformeerde belydenis versaak ten gunste van 'n mensgerigte godsdiens;
- Die gereformeerde belydenis word vanuit alle hoeke gekritiseer, sonder 'n grondige kennis van die inhoud daarvan;
- Baie lidmate verlaat die gereformeerde kerke ten gunste van gemeentes en kerke met 'n mensgerigte, Arminiaanse dwaalleer. Hierdie dwaling bestaan in kort daaruit dat die doel van die mens se Godsdiens en geloof is om die saligheid te verkry;
- Vanuit sekere gereformeerde kringe is daar 'n agressiewe vyandigheid teenoor volksgenote wat glo dat ons nog deel van Israel is en dat Israel steeds die uitverkore volk van God is;
- Vanuit hierdie 'Israel'-groepe verafsku sommige alle kerke en predikante;
- Ons mense verskil selfs oor die gesag van die Bybel en oor watter boeke daarin hoort;
- Daar is nie eens eenstemmigheid oor wie die God is wat ons aanbid nie.³⁴

³⁴ Vul maar die lys aan, asb

Hoewel ons weet dat net die genade van ons Vader hierdie verskeurdheid kan genees, het daar 'n versugting gekom om 'n volkskonsilie te hou waarna alle gelowige volksgenote opgeroep word om hierdie verskille te bespreek met die oog op eensgesindheid. 1Kor 1:10: *Maar ek vermaan julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening.*

Hierdie is 'n wesenlike saak en ons vra ernstige voorbidding hiervoor.

3.11.3 Vryheid van spraak en die media

Niemand mag laster teen JHWH nie. Niemand mag Sy Naam of die Naam van Sy Seun ydellik gebruik nie. Niemand mag onterend van Hom of van die Heilige Gees praat of onterend oor Hom skryf nie. Niemand mag teen sy wette propaganda maak nie. Sy wette mag wel vanuit Bybelse perspektief bespreek word. Landswette mag vryelik gekritiseer word teen Bybelse agtergrond. Daarnaas mag mense hul menings vryelik lug oor enige onderwerp, solank dit die eer van ons Vader ten doel het.

Die media moet ook ten doel hê om JHWH te vereer. Plaaslike media wat nie hieraan voldoen nie, sal nie mag voortgaan nie. Naas hierdie vereiste, is die media vry om na goeddunke, maar steeds met integriteit en verantwoordelikheid te rapporteer. Satteliemedia, wat nie plaaslik gemonitor kan word nie, moet deur die verantwoordelikheid van die individuele verbruiker gemonitor word. Broederlike vermaning in gemeenteverband, sowel as Wyksrade moet ook hier verantwoordelikheid dra. Elke burger moet in elk geval sy liefde teenoor ons Vader uitleef, ook in sy privaatheid. Die gebruik van ontterende webblaaie en ander elektroniese inligting is onwettig. Die media en alle mense moet hulle ook weerhou van afbrekende taalgebruik.

'n Sensuurliggaam moet riglyne opstel en die media monitor.

3.12 Ekonomie

3.12.1 Eiendomsreg

Ps 24:1 *Die aarde behoort aan JHWH en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon.* Ons as mense kan dus nie volle eiendomsreg verkry nie. Ons ontvang slegs 'n besitreg en rentmeesterskap.

Teen hierdie agtergrond word die stelsel van privaatbesit en die reg op vererwing – veral familie-vererwing – erken en aangemoedig. Dit vestig persoonlike verantwoordelikheid teenoor JHWH, sowel as produktiwiteit. Verder versterk dit familiebande, wat 'n bousteen is van 'n Godvresende volk. Die beginsel van familieversorging moet ook aangemoedig word, onder andere deur dit vanuit staatsweë te ondersteun (deur bv 'n belastingtoegewing). Die Ekonomie-subkomitee kan ook hieraan aandag gee.

Natuurlike hulpbronne mag egter nie uit volksbesit vervreem word nie (aangesien dit 'n teken van ondankbaarheid sal wees vir die Gelofteland wat Hy aan die Geloftesvolk gegee het). Slegs volksgenote en genaturaliseerde immigrante mag eiendom besit. Dit bring mee dat slegs maatskappye wat 100% volkseie aandeelhouding het, eiendom mag besit.

3.12.2 Benutting van hulpbronne

Omdat alles aan JHWH behoort, moet die hulpbronne waaroor ons beskik (soos waterbronne, grondstowwe, natuurlike weiding, akkerbou landbougrond, ens.), hetsy in openbare of privaatbesit, met liefde en respek aangewend word. Dit moet 'n leefruimte bied vir JHWH se diensvolk en hulle versorg.

3.12.3 Bestuur en geregtigheid

Die vrye markeconomie moet aangemoedig word, maar die staat moet deur wetgewing sowel as deur monitêre en fiskale maatreëls toesien dat

a) basiese stabiliteit gehandhaaf word:-

- i) in 'n relatief klein ekonomie kan markkragte lank neem om die ewewig te herstel, wat vernietigend vir die ondernemer, werknemer en selfs die volkshuishouding as geheel kan wees,
- ii) internasionale handel word ook verwing deur maatreëls wat herstel moet word ter wille van die plaaslike ekonomie,
- iii) voedselsekerheid en strategiese produkte moet verantwoordelik bestuur word,
- iv) inflasie en groei moet gemonitor word;
- v) privaatskuld moet tot die minimum beperk word. Veral op luukshede moet skuld sterk ontmoedig word;
- vi) die staat mag geen lening by die wêreldbank maak nie.

b) basiese dienste en infrastruktuur voorsien word:-

in 'n relatief klein ekonomie is daar nie altyd groot genoeg privaatondernemers om infrastruktuur soos spoorlyne, paaie, telekommunikasie ens te voorsien nie. Dit moet dan deur die staat voorsien word. Omdat fondse beperk is, moet prioriteite opgestel word;

c) basiese geregtigheid geskied:-

- i) geen vakbonde word toegelaat nie, maar die werkgewer moet die werknemer billik behandel, aangesien hy 'n mededienskeg van JHWH is,
- ii) die werknemer moet die gesag van die werkgewer en die hiërargie van die werksplek respekteer – daar kan geen gelykheid in die werksplek bestaan nie,
- iii) werkverskaffing moet vrywillig wees – 'n diensooreenkoms mag eensydig beëindig word deur enige van die partye, maar met billike kennisgewing en vergoeding,
- iv) ook in die handel moet uitbuiting en onreg bestry word,
- v) die regsprosedures om onreg te herstel moet eenvoudig en toeganklik wees;

d) produktiwiteit:-

- i) die vernietigende werking van die verbruikersekonome waarin die Weste verval het, moet teëgewerk word. Daar moet ook gestreef word na meer internasionaal mededingende salarisse,
- ii) die sesdag werkweek moet herstel word, maar met inagneming van kultuur- en sportaktiwiteite, wat nie op die Sabbat mag plaasvind nie,
- iii) werksetiek, -integriteit en -trots moet aangemoedig word. Die beginsel dat ons in die eerste plek vir ons Skepper werk moet gevestig word,
- iv) die staat moet waak teen oormatige wetgewing sodat persoonlike talente ten volle uitgeleef kan word tot heil van die Geloftevolk en tot verheerliking van die Naam van JHWH
- v) met inagneming van die doelwitte wat gestel is, moet die staat se inmenging en rol steeds tot die minimum beperk word. Subsidies en belastinge moet tot die minimum beperk word en net aangewend word om die basiese staatsfunksies te finansier, sowel as om bogenoemde doelwitte te bereik. Aanmoediging van 'n doelwit moet verkieslik so min as moontlik deur middel van subsidies geskied – eerder deur 'n belastingverligting of ander maatreël;

e) gesinslewe:-

ons moet die stabiele huisgesin bevorder as basiese bousteen van die Godvererende volkshuishouding. Die vrou se onvervangbare, unieke en gespesialiseerde plig om die huisgesin te verstewig en te versorg, sowel as opvoeder moet bevorder en aangemoedig word. 'n Moeder se primêre plig lê by die opvoeding en versorging van haar kinders, wat beteken dat sy verkieslik nie 'n beroep moet beoefen wat haar aan pligsversuim skuldig maak nie. Dit moet ekonomies haalbaar en maatskaplik aangemoedig word

sodat ons 'n toekomsgerigte jeug kan opvoed wat die Wet van JHWH blymoedig wil uitleef.

f) volkseie arbeid:-

volksvreemde³⁵ arbeid moet uitgefaseer word. Om dit te bereik, moet 'n tydelike maatreël getref word om die gebruik van vreemde arbeid te penaliseer en volkseie arbeid te beloon. Na die infaseringstydperk moet dit onwettig wees. Vreemde (assimileerbare) arbeid kan wel ingevoer word onderhewig aan die immigrasiewette.

g) Goudstandaard:-

Die Ekonomie-komitee moet die moontlikheid en wenslikheid ondersoek om terug te keer na die goudstandaard

3.12.4 Belasting

Belastings moet tot die minimum beperk word. Ondersoek moet ingestel word na die voorskrif van tiendes, maar met inagneming van die voordele van die beginsel van progressiewe belasting en die billikheid daarvan om die laags besoldigdes vry te stel sodat hulle ook 'n menswaardige bestaan kan voer (Deut 15:14). Dit het bykomend die voordeel dat dit administrasie baie verminder en meer produktief aanwend.

3.13 Landbou

Pred 5:9 Maar 'n voordeel vir 'n land onder alles is dit: 'n koning wat aan die landbou diensbaar word.

In die hele wêreld is die die landbou onder druk as gevolg van die inflasie wat die verbruikerseconomie meebring. Om hierdie druk te verlig sodat landbou steeds winsgewend bedryf kan word, moet gunstige omstandighede vir die landbou geskep word. Byna alle lande doen dit dan ook reeds in meerdere of mindere mate. Die administrasie van so 'n beskermde omgewing is egter steeds duur en ondoeltreffend. Die ideaal bly dus om die verbruikerseconomie uiteindelik om te keer in 'n produksie-ekonomie, sodat die beskerming van die landbousektor tot 'n minimum beperk hoef te word.

Landbou is een van die mees sensitiewe bedrywe en daarom is privaatbesit en vererwing so belangrik vir bodembewaring en ontwikkeling van die landboupotensiaal.

³⁵ Assimileerbare immigrante word nie as volksvreemd beskou nie, mits hulle aan die vereistes vir burgerskap voldoen wat hierbo bespreek is.

Die staat moet wel ondersteuning bied en monitering doen ten opsigte van:

- gesondheidsstandaarde (en fito-sanitêre standaarde);
- navorsing;
- fito-sanitasie;
- hulpbronnemisbruik (soos oorbenuiting van waterbronne);
- peste, onkruidbestryding en ongediertebeheer.

As gevolg van die lae winsgewendheid van die landbou tree al hoe minder jong boere tot die bedryf toe. Besondere aandag moet aan hierdie probleem gegee word.

3.14 Mynbou

Die volgende aanbevelings moet ondersoek word:

- a) Die omvang van mynbou moet beperk word om volhoubaarheid te verseker;
- b) Net genoeg grondstowwe mag gemyn word as wat plaaslik verwerk kan word;
- c) Mynbou moet toesien dat die omgewing bewaar word;
- d) Privaatbesit van myne is ongewens. Die proses kan meer sinvol deur die staat bestuur en gemonitor word. Die ekonomie-komitee moet dit ondersoek.

3.15 Opvoeding en onderwys

Die belangrikheid van onderwys word deesdae wêreldwyd erken. In 'n gelowige volkshuishouding is dit ook nie anders nie.

Onderwys is nie 'n primêre staatsfunksie nie. Die moontlikheid moet ondersoek word dat onderwys deur gemeenskappe self voorsien word en dat die staat net ondersteuning bied. Staatsondersteuning wat waarskynlik onontbeerlik is, is

- a) die vasstelling van standaarde,
- b) ondersteuning van universiteitsopleiding (subsidies), wat ook onderwyseropleiding en ander tersiêre opleiding insluit,
- c) voorsiening van infrastruktuur (ouergemeenskappe behoort dit self in stand te hou),
- d) (gedeeltelike) vergoeding van onderwysers (miskien soos privaat skole nou gesubsidieer word op leerlinggetalle),

Onderwys moet gerig wees daarop om jong mense af te rond sodat hulle hul God liefhet en vrees en met blymoedigheid dien. 'n Gesonde werksetiek moet aangekweek word en akademiese standaarde moet hoog wees, sodat jongmense die uitdagings van die lewe met entoesiasme kan aanpak. Jongmense moet van

kleins af leer om toekomsgerig te dink en Bybelse waardes in perspektief te plaas. Die belangrikheid van die opvoedingstaak van die vrou moet beklemtoon word en hoe dit die toekoms bepaal, sodat daar nie neergesien word op hierdie belangrike taak nie. In Spr 14:1 sien ons dat dit die vrou se wysheid is wat die volkshuishouding bou!

Onderwys moet dien as verlengstuk van die opvoeding in die gelowige ouerhuis.

Onderzoek moet gedoen word na die opvoedkundige voor- en nadele van tuisonderrig en die moonlikheid om dit te fasiliteer en te subsidieer. Die ondersoek moet in die besonder bepaal of tuisonderrig vir die grondslagfase en junior primêre fase aan te beveel is. Gemengde stelsels kan ook ondersoek word, soos korter tye van groepsonderrig, kleiner huisgroepties ens.

Ook tersiêre onderwys moet op 'n Godvresende basis geskied. Die wetenskap moet nie uitspattig en absurd raak nie, soos ons nou met die post-modernisme sien.

3.16 Maatskaplike sorg

Welsyn is 'n belangrike taak van die gelowige Deut 15:14; Job 29:12,16; Amos 4:1; Mat 25:34-46). Tog is welsyn nie 'n primêre staatsfunksie nie. Onderzoek moet gedoen word na maniere waarop die plaaslike gemeenskappe (gemeentes) self welsyn ooreenkomstig JHWH se insettinge kan toepas met fiskale staatsondersteuning. Die staat kan steeds gelowige kundiges voorsien ter raadgewende ondersteuning. Die staat kan ook as 'n net dien om in te gryp waar welsyn verwaarloos word.

3.17 Gesondheidsorg

Gesondheid is ook nie 'n primêre staatsfunksie nie. Nogtans het ons eie geskiedenis bewys dat privaatgesondheidsorg baie duur is en heelwat probleme oplewer. Tog kan dit moontlik werk as daar genoegsame mededinging is en dit beperk is tot die meer eenvoudige aspekte en goedkoper prosedures van gesondheidsorg. Die doeltreffendste wyse om gesondheidsorg van 'n meer gesofistikeerde aard te lewer, is waarskynlik 'n staatshospitaal in samewerking met 'n mediese skool. 'n Grondige ondersoek hieroor is nodig.

3.18 Die Huwelik en Gesin

Die huwelik is heilig in die oë van ons Vader. Die volk moet bewus gemaak word dat 'n huwelik reeds voltrek word wanneer 'n man en vrou vir die eerste keer gemeenskap het. Die skeibrief mag slegs volgens Bybelse voorskrifte gegee word. Die man moet as navolger (I Kor 11:1-3) van Jesus/JaHoshua in nederige

afhanklikheid van Hom oor sy huis regeer. Dit moet hy doen in liefde en geregtigheid. Hy moet ywerig werk om sy gesin te versorg en hy, sowel as die kinders moet die vrou met ywer bystaan met huislike take, sodat 'n bediende oorbodig is. Die rol van die vrou moet beklemtoon word, soos reeds hierbo by die bespreking van 'onderwys' uitgewys is. Kinders moet opgevoed word in die vrees van JHWH en met begrip vir die gesagstruktuur van die gesin.

4. Voortsetting van die komitee se werk

4.1 Die Teokrasie-komitee stel dan voor dat hierdie verslag goedgekeur word deur die volksvergadering. In die lig van die beginsels in die verslag, sal die volksvergadering hierdie verslag eenparig moet goedkeur. Indien daar oor enige aspek nie eenstemmigheid is nie, sal daardie aspek aan die beslissing van die lot onderwerp word.

4.2 Ons stel ook voor dat die werk van die komitee voortgesit word deurdat

4.2.1 'n Komitee aangewys word vir die volgende jaar om die werk voort te sit met die opdrag om die werk van die subkomitees en opstel van konsepwetgewing vir die Geloftevolk te ko-ordineer;

4.2.2 Subkomitees aangewys word wat spesialiseer op die volgende aspekte:³⁶

- a) Burgerlike wette wat deur die Bybel voorgeskryf word;
- b) Regstelsel
- c) Polisie en Weermag;
- d) Buitelandse beleid en Burgerskap;
- e) Godsdienbeskerming en Godsdiensvryheid;
- f) Volkskonsilie vir eensgesindheid;
- g) Vryheid van spraak en die Media;
- h) Ekonomie;
- i) Landbou;
- j) Mynbou;
- k) Maatskaplike sorg
- l) Gesondheidsorg
- m) Onderwys
- n) Die herstel van die vrou se Godsvererende verantwoordelikheid

5. Ons stel verder voor dat die verootmoedigingskomitee voortgaan om die volk op te roep tot gebed oor die geloofsverskeurdheid onder ons volk en dat die Teokrasiekomitee die moontlikheid van 'n volkskonsilie, 'n gespreksforum of ander vesoeningspoging ondersoek.

³⁶ Vul aan as daar nog behoefte is